# G'n troue, min voordele

## Stipuleer duidelik dat jy jou boedel aan lewensmaat bemaak

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

'N Leser vra ek moet verduidelik hoe lewensmaats in die berekening van boedelbelasting gehanteer word.

As die reg mense wat buite gemeenskap van goed, sonder aanwas, getroud is hanteer asof hulle afsonderlike boedels het - met die gevolg dat die oorlewende gade nie 'n eis teen die ander se boedel het kragtens van die huweliksgoederewet nie - hoe kan die reg lewensmaats anders hanteer? vra die leser.

Ons kyk eers na die huweliksgoederewet. Dit bepaal dat in alle huwelike buite gemeenskap van goed wat ná die datum van die wet (1984) gesluit is, die huweliksaanwas van toepassing is tensy dit uitdruklik in 'n huweliksvoorwaardekontrak uitgesluit word. Indien uitgesluit, kan elke gade sy of haar bates na goeddunke hanteer.

Maar dit is nie 'n absolute reg nie. Dit geld net so lank as wat die huwelik geldig is. Die dood ontbind 'n huwelik. En hoewel gades die reg het om bates te bemaak soos hulle wil, is daar twee stukkies baie belangrike wetgewing wat nie hier uit die oog verloor moet word nie.

Art. 23(5) van die wet bepaal uitdruklik ook dat gades (al het hulle 'n huweliksvoorwaardekontrak) gesamentlik en afsonderlik vir die ander se skuld ten opsigte van huishoudelike benodigdhede aanspreeklik is.

'n Ander belangrike stukkie wetgewing vind ons in die Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades. By die dood het die oorlewende gade die reg op 'n eis teen die boedel van die oorledene vir redelike onderhoud. Die eis kry voorkeur bo enige testamentêre bemaking en het dieselfde regskrag as die eis van 'n minderjarige kind.

Die stelling van die leser dat die oorlewende gade nie teen die ander se boedel kan eis nie, is dus in die eerste plek nie korrek nie.

Maar wat nou van boedelbelasting? Die boedelbelastingwet bepaal in art. 4(q) dat alle bemakings aan 'n gade aftrekbaar is vir die berekening van boedelbelasting. Dit geld ook polisse wat buite die boedel begunstig is en ook 'n eis van 'n gade ingevolge die genoemde wet.

Die tersaaklikheid van 'n lewensmaat en boedelbelasting?

Die boedelbelastingwet sê vir ons wie 'n "gade" is. Dit sluit in selfde-geslag- en heteroseksuele verbintenisse wat die kommissaris ag permanent te wees.

As ons testamente vir kliënte met 'n lewensmaat opstel, maak ons baie seker met: "Ek bemaak aan my lewensmaat…"

Ek stel voor lesers doen dit so om latere twyfel oor die aard van jul verhouding te voorkom.

> **"Die konstitusionele hof het beslis dat 'n party in 'n heteroseksuele saambly-verhouding nie 'n eis ingevolge die Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades het nie.**

Hier eindig die "voordele" van 'n lewensmaat ongelukkig. In die saak Volks vs. Robinson het die konstitusionele hof beslis dat 'n party in 'n heteroseksuele saambly-verhouding nie 'n eis ingevolge die Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades het nie.

Kortom: As jy gekies het om nie te trou nie, kan jy nie op die voordele van 'n huwelik aanspraak maak nie.

Hierdie opvatting is later ten opsigte van gay-lewensmaats eenkant gelaat in die saak Gory vs. Kolver, toe beslis is dat dit diskriminerend sou wees om die beginsel op mense in gay-verhoudings toe te pas.

Ek glo nie dit is meer van toepassing noudat gay-huwelike moontlik is nie.

Lesers in 'n permanente saamblyverhouding moet seker maak dat hulle wel testamente het, want die Wet op Instestate Erfopvolging laat nie outomatiese vererwing na lewensmaats toe soos die geval is met huweliksmaats nie.

■ *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*